## DIE FAMILIETWIS IN DIE SWAZI-KONINGSHUIS: WAS BUITE-STAANDERS AANDADIG?

In 'n onlangs-verskene werk[1] word weer verwys na 'n gebeurtenis wat hom gedurende die jare veertig van die vorige eeu in Swaziland afgespeel het en waaroor daar reeds heelwat bespiegel is. Dit gaan naamlik oor die vraag waarom die sendeling Allison, nadat hy slegs een jaar in die gebied werksaam was en reeds 'n belowende begin gemaak het, so haastig na Natal verhuis het.

Daar is bv. beweer dat Allison 'n „politieke sendeling" was en dat hy as gevolg van sy politieke bedrywighede genoodsaak was om te vlug; andersyds is daar aangevoer dat die Boere 'n aandeel in die saak gehad het en dat hulle die Swazi-soldate wat Allison se sendingstasie aangeval het, vergesel het.

Voordat daar verder op hierdie aantygings ingegaan word, moet daar eers gelet word op die omstandighede waaronder die sendeling in Swaziland begin werk het. James Allison en sy eggenote het hulle in Augustus 1845[2] te Mount Mohamba (later bekend as Mahamba) gevestig, vergesel van 'n aantal Bantoe-onderwysers om hulle by te staan. Daar het blykbaar 'n rooskleurige toekoms op hom in Swaziland gewag: nie alleen het hy 'n besonder geskikte verblyfplek kevind nie — daar was bv. op Mohamba drie sterk fonteine, vrugbare tuingrond, genoeg klip vir boudoeleindes en bowendien was die plek op 'n hoë, gesonde deel van die gebied geleë — maar dit het ook geskyn asof hy daar met vrug sendingwerk sou kon doen. Baie van die Swazi's het geglo dat die teenwoordigheid van die witman 'n soort towermiddel en voorsorgmaatreël teen oorlog en bloedvergieting sou wees.[3]

Vanaf die aanvang van sy werksaamhede het groot skares die kerkdienste bygewoon en binne 'n korte tydsbestek is daar vier kerke in die omgewing opgerig, terwyl Allison die hulp van tien kategete nodig gehad het. Dit het soms gebeur dat tot dertienhonderd toehoorders op 'n Sondag na die sendeling se dienste kom luister het en baie van hulle het hul bereid verklaar om die Christelike geloof te aanvaar.[4] Toe het die skynbaar onverklaarbare gebeur: skaars 'n jaar na Allison se aankoms het 'n afdeling van die Swazi-koning se soldate op die sendingstasie toegeslaan en, hoewel hulle die lewens van die sendeling en sy eggenote gespaar het, gemoor en geplunder sover hulle gegaan het.

Een verklaring wat vir hierdie gebeurtenis gegee word, is dat dit die gevolg van 'n blote familietwis in die koningshuis van die Swazi's was. Dit

1. A. T. Bryant: *A History of the Zulu and Neighbouring Tribes* (Kaapstad, 1964), 'n versameling van artikels wat gedurende 1911-1913 in *Inzindaba Zabata*, 'n tydskrif van die Broeders van die Mariannhill-klooster, verskyn het.
2. Die datum wat die skrywer T. V. Bulpin in sy *Storm over the Transvaal*, p. 125, aangee, verskil aansienlik van dié in ander bronne. Volgens Bulpin het die Wesleyaanse sending in Swaziland reeds in 1841 tot 'n einde gekom — wat nie strook met die persoonlike getuienis van die betrokke sendeling nie.
3. *Wesleyan Missionary Notices*, Junie 1887.
4. D. P. Dugmore: *The Beginnings of Methodist Missionary Policy in the Transvaal*, p. 14.

is bekend dat die Ngwane-hoofman Sobhuza I (c. 1820) die eintlike grondlegger van hierdie volk was en dat sy seun Mswazi na sy dood op sy werk voortgebou het. Toe Sobhuza omstreeks 1836 oorlede is, was Mswazi egter nog te jonk om die verantwoordelikhede van die koningskap te aanvaar en gedurende die volgende vier jaar het sy oom Somcuba en sy halwe broer Malambule as regente opgetree. In 1840 is Mswazi as koning uitgeroep en Somcuba sowel as Malambule het gewilliklik afstand gedoen van hul posisie as regente, maar laasgenoemde het 'n aansienlike deel van die koninklike kudde vir homself toegeëien. Dit was die oorsaak van veel verbittering tussen die jong koning en sy halwe broer en toe Malambule na etlike aanmanings nog in gebreke bly om die vee aan Mswazi te oorhandig, is 'n impi gestuur om die saak in die reine te bring. Malambule het daarop by die ekuNene, 'n tak van die koninklike familie, om beskerming gaan aanklop, maar hierdeur het Mswazi hom nie van stryk laat bring nie. 'n Afdeling soldate het teen die ekuNene opgeruk en Malambule moes weer vlug, hierdie keer na eerw. Allison se stasie, blykbaar onder die indruk dat 'n aanval op die sendingpos buite die kwessie was.[5]

Hiermee het hy hom egter deerlik misgis, want die impi het die stasie op 'n Sondagoggend aangeval en vyftig naturelle is voor die oë van die sendeling gedood. Die soldate het selfs geen vrou of kind gespaar nie en slegs twee of drie Swazi-kinders het ontkom deurdat mev. Allison haar arms om hulle geslaan het. Hoewel hy en sy eggenote geen leed aangedoen is nie, het Allison besluit dat dit onwys sou wees om langer daar te vertoef. Die bloedbad het vanaf 14 tot 16 September 1846 geduur en op 17 September het die sendeling vertrek en hom in Natal gaan vestig.[6]

'n Ander sendeling, eerw. W. J. Underwood, wat hom baie jare later in Swaziland gevestig het, het verklaar dat Allison nie alleenlik die stasie verlaat het omdat dit daar onveilig geword het nie, maar ook om sanitêre redes. Die baie lyke wat daar rondgelê het en die bloed wat vryelik die vallei afgestroom het, het 'n bedreiging vir die gesondheid van die bewoners geword.[7] Die gekerstende naturelle het ook besef dat dit vir hulle in Swaziland onveilig geword het en baie van hulle het die land saam met Allison verlaat.[8]

Die vraag is nou of Allison hom met die twis in die koninklike familie bemoei het en of dit die oorsaak van die mislukking van sy sendingwerk was. Ene kommandant Ignatius Ferreira, 'n groot kenner van die Swazi's en hul taal, het heelwat later verklaar dat die sendeling nie volkome onskuldig was nie. Volgens Ferreira het die Swazi's vas geglo dat hy die volk teen die koning opgestook het. Dit sou dan die rede gewees het waarom Allison se werk tot so 'n snelle einde gekom het en waarom geen

5. A. T. Bryant: *Olden Times in Zululand and Natal*, p. 326, Bulpin, *op. cit.*, pp. 124-125.
6. *Reports of the Wesleyan Missionary Society*, 1847, pp. 92 en 141.
7. *Wesleyan Missionary Notices*, Junie 1895.
8. *Ibid.*, 1849, p. 42.

sendeling hom in die vyf-en-dertig jaar vanaf 1846 tot 1881 blywend in Swaziland gevestig het nie.[9]

Dit skyn twyfelagtig te wees of Allison werklik so opgetree het. Meer waarskynlik het hy, deur die vlugtelinge toe te laat tot die sendingstasie, die reputasie verwerf dat hy die koning vyandiggesind is. Hy was op daardie tydstip nog 'n vreemdeling in 'n onbekende land en hy sou ongetwyfeld besef het dat hy sy werk en selfs sy lewe in gevaar stel deur opstand teen die koning aan te blaas. Bowendien het hy hom in hierdie landstreek gevestig met die verlof van die koning en die vorige jaar nog is hy vriendelik deur laasgenoemde ontvang.

Die Duitse sendeling Merensky wat gedurende 1860 in Swaziland was, noem in sy vertolking van die gebeure nêrens die moontlikheid dat Allison hom daadwerklik met die politiek bemoei het nie. Volgens Merensky het 'n broer van Mswazi gepoog om die koningskap in die hande te kry. Hy en sy volgelinge sou hulle in die omgewing van die sendingstasie gevestig het, waar hulle deur die koning se soldate aangeval en die meeste van hulle vermoor is. Allison is daarvan verdink dat hy hulle simpatiek gesind was en het daarom besluit om terug te keer.[10]

Dat Allison wel gepoog het om vrede te bewerkstellig tussen die koning en 'n aantal van sy onderdane, blyk uit sy eie getuienis, maar eienaardig genoeg verwys hy nie na die rol van Malambule nie:

„I found the Baraputse country in great confusion. A rupture between the petty chieftains and Mosuase (Mswazi) had taken place, which no effort of mine could heal, so that our situation became most critical. We all dreaded an attack, and yet no mode of resistance was thought of. I told the people I could be no party in political quarrels; so that I could not under any circumstances have recourse to arms; that the object of my mission to the Baraputse was purely pacific; that I had not a gun in my possession and that my sole dependence for protection was on God. The native teachers urged them to fly; but they clung to the station as a drowning man would to a floating tree."[11]

'n Moontlikheid wat ook genoem is, is dat die Boere by die saak betrokke was. Daar is bv. beweer dat die koning se impi vergesel was van 'n Boere-kommando en dat hulle Mswazi se soldate bygestaan het sodat hulle later as beloning grond van hom kon ontvang.[12] Indien dit die geval gewees het, dan sou Allison ongetwyfeld in sy verslag daarvan melding gemaak het, maar nêrens word selfs in die minste hierop gesinspeel nie. Selfs Bryant, wat in sy geskrifte nie juis daarvan blyke gee dat hy die Boere besonderlik goedgesind was nie, noem nie so 'n moontlikheid nie.

'n Faktor wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is die invloed van die toordokters. Hierna het die voorsitter van die Wesleyaanse

9. Dagboek van eerw. O. S. Watkins, 11/8/1881.
10. T. S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek* (1859-1882) in Argief-jaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1954, deel II, p. 111.
11. *The Christian Watchman*, vol. I, p. 444.
12. *The Journal of the Methodist Historical Society of South Africa*, vol. II, no. 7, p. 165.

distriksinode in die Transvaal gedurende 1884 verwys, toe hy verklaar het: „The devil instigated some base fellows to say to some of the great chiefs: 'All this war is because you have got a white missionary; that man will become king of the country; the people are looking on the minister as if he were a god; our witch-doctors will be nowhere — all the trouble we have in the country is because of the missionary'."[13]

Dat daar 'n kern van waarheid in hierdie bewering is, kan nie betwyfel word nie. Die feit dat soveel Swazi's na die dienste van Allison gestroom het, moes vir die toordokters ongetwyfeld 'n bron van onrus gewees het. Hulle moes gewis hul invloed daardeur bedreig gesien het en dit is te verstane dat hulle alles in hul vermoë sou gedoen het om die werk te laat skipbreuk ly.

Dit wil dus voorkom of daar uiteindelik twee faktore was wat tot die rampspoedige einde van Allison se sendingwerk gelei het: die familietwis, waarin geen buitestaander blykbaar 'n aktiewe aandeel gehad het nie, maar waarin die sendeling betrokke geraak het deurdat hy 'n moontlike mededinger om die koningskap op sy stasie toegelaat het, en die invloed van die toordokters, wat op hul beurt van 'n gevaarlike mededinge ontslae wou raak en in wie se kraam die verloop van omstandighede goed gepas het.

Dr. W. A. Venter.

13. *Wesleyan Missionary Notices*, Junie-Julie 1884.